PNHS

# HOËRSKOOL PRETORIA-NOORD

PRIVAATSAK X05
PRETORIA-NOORD
0116
E-pos: administrasie@pnhs.co.za

H/V BERGLAAN EN EEUFEESSTRAAT
PRETORIA-NOORD
TEL: (012) 546-6590
FAKS: (012) 546-9463

VOOR IN DIE WAPAD BRAND 'N LIG

20 Oktober 2025

**OB: 33 / 2025**

**Geagte ouers**

## 1. Krieket: PNHS v/s HTS John Vorster (vriendskaplik), 15 Oktober 2025, weg.

Middag-aand wedstryd: PNHS 1 v/s HTS John Vorster 1. HTS John Vorster wen die loot en behaal 105 / 8 in 20 beurte. Goeie boulwerk van Charl Otto met 3 paaltjies vir 15 lopies in 4 beurte (brons balkie). PNHS 1 volg op met 106 / 4 in 12 beurte. Goeie kolfwerk van Ulrich Breytenbach met 30 lopies van 30 balle (brons balkie) en Ettiene du Bruyn met 22 lopies van 8 balle. PNHS wen met 6 paaltjies.
Ons 1ste span het 12 wedstryde vir die seisoen gespeel waarvan hulle 11 wen en 1 verloor.

## 2. Atletiek: Jakaranda Byeenkoms, 17 Oktober, Brits

Baie dankie aan al ons atlete wat weer fluks aan die werk is met voorbereiding vir 2026. Baie geluk aan die volgende atlete wat plekke behaal het by die Jakaranda Byeenkoms in Brits:

1ste plekke: Zandeleigh Botha 800M (ASA 651), Divan Botha Gewigstoot (ASA 739) en Diskus (ASA 909) (Rekord), Jazlyn Roux 1500M (ASA 651), Simoné de Koker 800M (ASA 753) en 1500M (ASA723) en Jeanique Huygen 400M (ASA 709).

2de plekke: Carmen Zengel 300M Hekkies, Neil Botha 100M (ASA 678), Kaylie van Jaarsveld 800M (ASA 682), Junior Bokwa 800M (ASA 689) en 1500M (ASA 688), Jeanique Huygen 200M (ASA 778) en Miandri Ysel 400M.

3de plekke: Divan Deyzel Gewigstoot (607), Sandra Viviers 800M (ASA 646), Bonolo Malatse Diskus (ASA 673), Heino Schuster 400M (ASA 637), Charney Badenhorst 800M (ASA 674), Calen Jooste 1500M (ASA 670), Marinus Jansen van Rensburg Gewigstoot (ASA 715), Lucille Zengel Gewigstoot (ASA 708), Juhane du Plessis 800M (ASA 637), Esmarelda Louw Gewigstoot (ASA 640), Miandri Ysel 200M (ASA 661), Divan Deyzel Diskus en Juhane Du Plessis 1500M (ASA 603).

## 3. Sagtebal:

### 3.1 Seuns Tshwane Semi-Finaal, 18 Oktober 2025, Crafford Park

| **Seuns** | 0/14A | 0/14A | 0/15A | 0/15A | 0/16A | 0/16A | 0/19A | 0/19A | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Skool | **PN** | Hs | **PN** | Hs | **PN** | Hpt | **PN** | Hpt | | |
| Uitslag | **4** | 3 | **9** | 7 | **10** | 9 | **19** | 0 | | |
| Uitslae tot dusver | | | | | | | | | | |
| Gewen | **3** | | **6** | | **7** | | **10** | | | |
| Gelykop | **0** | | **0** | | **0** | | **0** | | | |
| Verloor | **1** | | **2** | | **1** | | **1** | | | |

**Hs = Homespun / Hpt = Hartebeespoort**

0/14 A: Beste Kolwer: Christopher Snyman
Beste Speler: Jaydrian Brandon
0/15 A: Beste Kolwer: Nathan Kinnear
Beste Speler: Zivan Bezuidenhout.
0/16 A: Beste Kolwer: Michael de Villiers
Beste Speler: Eduwahn Schwartz.
0/19 A: Beste kolwer: Donovan Wallendorf.
Speler van die wedstryd: Jayden Neethling.

- **Al ons seuns spanne speel eerskomende Saterdag vir posisie 1 en 2 uit in Tshwane.**

## 3.2 Dogters Tshwane Semi-Finaal, 18 Oktober 2025, Crafford Park

| **Dogters** | 0/14 A | 0/14 A | 0/15 A | 0/15 A | 0/16 A | 0/16 A | 0/19 A | 0/19 A |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Skool | **PN** | | **PN** | | **PN** | OM | **PN** | |
| Uitslag | | | | 3 | **5** | 2 | | |
| Uitslae tot dusver | | | | | | | | |
| Gewen | **3** | | **2** | | **4** | | **1** | |
| Gelykop | **1** | | **0** | | **0** | | **1** | |
| Verloor | **4** | | **6** | | **5** | | **6** | |

**OM = Oos Moot**

0/16 A: Beste kolwer: Amorey Wallendorf.
Speler van die wedstryd: Amorey Wallendorf

- **Ons 0/16 dogters speel eerskomende Saterdag vir posisie 1 en 2 uit in die Tshwane Kampioenskappe**

## 4. Hokkie

Baie geluk aan die volgende spelers wat mooi presteer het tydens die AVS week op Meyerton gedurende die vakansie: Kiara Strydom is opgeneem in die 0/17 Gazelle span en Charney Badenhorst is opgeneem in die 0/15 President span. Me. S Bornman, ons hoofafrigter, is ook aangestel as die bestuurder van die 0/15 President span.

## 5. Kultuur:

## 5.1 ATKV Uitklopspel: Nasionale Rondte, 15 Oktober 2025, Grey College, Bloemfontein

Baie geluk aan Mia Viljoen, Helé Lottering en Ziané Nel wat ons skool in die junior kategorie verteenwoordig en Liané Schutte, Leandré Koekemoer en Annabelle van Wyk wat ons skool in die senior kategorie in die nasionale rondte verteenwoordig.
Ons is ongelooflik trots op ons ware spelsterre, hulle het met selfvertroue en vaardigheid die lywige, ongesiene spellyste aangepak en onderskei hulself deur tot in die finale rondte te spel. Hulle ontvang sertifikate hiervoor.

## 5.2 Kunswedstryde

### 5.2.1 Marshmellow Excello:

Baie geluk aan Leandré Koekemoer wat 'n A++, A+ en A simbole ontvang vir stilstaande poësie en redenaars.

**5.2.2 Huisgenoot Eistedfod:**

Baie geluk aan Leandré Koekemoer wat 'n A en B simbole ontvang in hierdie kompetisie vir stilstaande poësie en redenaars.

**5.2.3 Bedford Eistedfod:**

Geluk aan Leandré Koekemoer wat drie A++ simbole tydens hierdie kompetisie ontvang vir stilstaande poësie en redenaars.

**5.2.4 Afrikaanse Kunsvereniging Prysuitdeling, 14 Oktober 2025, Voortrekker Monument**

Baie geluk aan die volgende leerders van PNHS:

- Mia Rynners ontvang die volgende toekennings: Algehele wenner vir Hoërskool Voordrag – trofee en kontantprys, Trofee vir Beste Prestasie Voordrag in Graad 10, Trofee vir Beste Gedramatiseerde Poësie in Graad 10, Trofee vir Beste Prestasie in Poësie, Trofee vir Beste Poësie Eie Keuse graad 9 en 10, Trofee vir Beste Prosa graad 9 en 10.
- Zené Swart ontvang die Trofee vir Beste Prestasie in Voordrag Graad 8.

**5.3 Prestasie Buite Skoolverband**

Zené Swart neem op 6 Oktober 2025 deel aan Talent Africa se nasionale rondte in Vereeniging. Sy verwerf hier 'n goue medalje en provinsiale kleure. Sy kwalifiseer ook om aan die Internasionale rondte in Italië deel te neem tydens die Italian Performing Arts kompetisie.

**6. Merietefunksie 2025**

**Alle leerders wat trofee verower het gedurende die 2024 Merietefunksie word versoek om hierdie trofee by Mev. Du Plessis in K 73 in te handig.**

**7. Algemene Ouervergadering, 22 Oktober 2025**

**Geagte ouers neem asseblief kennis dat ons Algemene Jaarvergadering vir ouers, waar die begroting vir 2026 voorgelê, bespreek en goedgekeur sal word, word geskeduleer vir Woensdag, 22 Oktober 2025 om 18H00 in die saal. Ons nooi al ons ouers uit om deel te wees van hierdie baie belangrike vergadering om u insette te lewer. Volgens regulasies moet daar 'n kworum wees, indien daar nie 'n kworum op Woensdag, 22 Oktober 2025 is nie sal die opvolgvergadering op Woensdag, 12 November 2025 om 18H00 in die saal plaasvind en voortgaan al is daar nie 'n kworum nie. Die voorlopige begroting sal beskikbaar wees vir insae by ons finansiële kantoor per afspraak vanaf Woensdag, 8 Oktober 2025.**

**8. PNHS Gholfdag 2025**

Die tyd het weer aangebreek vir ons jaarlikse gholfdag en ons nooi ons ouers, oud-leerders en besighede uit om deel van hierdie hoogtepunt op ons kalender te wees! Daar wag hope pret, uitstekende pryse en ook die kans om 'n splinternuwe 2025 **Suzuki Celerio** te wen vir 'n speler wat 'n "hole in one" op putjie 7 slaan.

**Datum:** **Vrydag, 7 November 2025**
**Plek:** **Seasons Eco Estate.**
**Tye:** **Registrasie 09H00, Afslaan: 11H00, Prysuitdeling en Aandete 18H00.**

**Kostes:** **Vierbal R 3500-00 (insluitend karretjies, halfweghuis-ete en aandete)**
**Putjieborge: R 2500-00**
**Besprekings en besonderhede:** **pnhs.co.za/gholfdag-2025**
**Navrae:** **bemarking@pnhs.co.za**

## 9. Noorderlig: Afsluitingsvergadering, 21 Oktober 2025 om 18H00, restaurant

Ons nooi graag alle belangstellendes uit om saam met die Noorderlig-omgeegroep in te skakel wanneer ons begin werk aan die jaar se Kersprojek: Plakkies en T-shits vir hoop. Kom dinkskrum saam en help beplan aan 'n betekenisvolle projek — waar elke klein bydrae help om ’n groot verskil te maak.
Indien jy 'n bydrae wil maak of op enige manier wil help, is jy welkom om Mev. Jeanetta de Beer of Mev. Tanya Bruitenbach by die skool te kontak.

## 10. Program vir die week

| | | |
|---|---|---|
| Maandag, 20 Oktober: | * | **Graad 8 – 11, dag 2.** |
| | * | Graad 12 Finale Kuns Praktiese Eksamen. |
| | * | Detensie, 14H00. |
| | * | Netbal Akademievergadering, 17H00, K22**.** |
| | * | Rugby Akademievergadering, 18H00, Konferensiekamer. |
| | * | Krieket Akademievergadering, 18H00, personeelkamer. |
| | * | Restaurant Akademievergadering, 18H00, restaurant**.** |
| Dinsdag, 21 Oktober: | * | **Graad 8 – 11, dag 3.** |
| | * | **Graad 12 Nasionale Senior Sertifikaat Eksamen.** |
| | * | Noorderlig vergadering, 18H00, restaurant. |
| Woensdag, 22 Oktober | * | **Graad 8 – 11, dag 4.** |
| | * | **Graad 12 Nasionale Senior Sertifikaat Eksamen.** |
| | * | Akademiese Periode 8 – 11, 14H10 – 15H00. |
| | * | **Algemene Ouervergadering, 18H00, saal.** |
| Donderdag, 23 Oktober: | * | **Graad 8 – 11, dag 5.** |
| | * | **Graad 12 Nasionale Senior Sertifikaat Eksamen.** |
| | * | **Graad 8 – 11 rapporte uit.** |
| | * | VLR-vergadering, 14H00, K 76. |
| | * | Revue afsluiting, 17H00, Menlyn Barnyard. |
| | * | Krieket Akademievergadering, 18H00, Personeelkamer. |
| Vrydag, 24 Oktober : | * | **Graad 8 – 11, dag 6.** |
| | * | **Graad 12 Nasionale Senior Sertifikaat Eksamen.** |
| | * | Koor afsluiting, 18H00, saal. |
| Saterdag, 25 Oktober: | * | Sagtebal: Tshwane Finales, 08H00, Crafford Park. |
| | * | Hokkie Sewes Toernooi, 08H00, Astro. |
| Maandag, 27 Oktober: | * | **Graad 8 – 9, dag 1.** |
| | * | **Graad 10 – 11 Eindeksamen.** |
| | * | **Graad 12 Nasionale Senior Sertifikaat Eksamen.** |
| | * | Detensie, 14H00. |
| | * | Leier Akademievergadering, 18H00, personeelkamer. |

Vriendelike Groete



CJC Driescher
Hoof

NOORDELIKE HELPMEKAAR STUDIEFONDS
ONS HELP MET JOU STUDIELENING

# Bekostigbare STUDIELENINGS vir TERSIêRE ONDERRIG in Suid-Afrika

## NHS BIED DIE VOLGENDE:

### Tydens die studietydperk

- R80 000 per jaar vir die volle tydperk
- Prima minus 3 % rentekoers
- Slegs rente word maandeliks betaal

### Na die studietydperk

Na voltooiing van studie word kapitaal plus rente teen die primakoers betaal.

- Lener kry 2 jaar vir elke jaar van lening om terug te betaal
- Tydens internskap of gemeenskapsdiens betaal lener slegs rente teen Prima minus 3 %.

## KONTAK ONS


(011) 782 9160

admin@nhsfonds.co.za


noordelikehelpmekaarstudiefonds.org


PNHS
HOËRSKOOL
PRETORIA-NOORD
HOLE-IN-ONE
KOMPETISIE
CELERIO
WEN!
2025 Suzuki Celerio
Van Spelbaan na Snelbaan!
Eerste speler om 'n 'hole-in-one' op putjie nr 7
te slaan ry weg met 'n splinternuwe voertuig!
Bepalings & Voorwaardes geld
R3 500
Vierbal
Inskrywing
Bespreek vandag jou vierbal by
www.pnhs.co.za
Trots geborg deur
ALPINA
BROKERS
012 546 6590
bemarking@pnhs.co.za

# DIE NOORD STUDIESENTRUM

Of jy nou ekstra hulp nodig het of net beter wil presteer – ons studiesentrum is jou sleutel tot sukses!

Dnstudiesentrum@gmail.com | 081 772 3506



## DOELSTELLING

Die doelstelling van Die Noord Studiesentrum is om 'n ondersteunende en gestruktureerde leeromgewing te bied waar leerders akademiese sukses kan behaal, selfvertroue kan ontwikkel en hul volle potensiaal kan bereik – alles binne 'n veilige en stimulerende atmosfeer.

## VOORDELE

***OOGWINK-AANBIEDINGS BY DIE NOORD STUDIESENTRUM:***

**- Geleide ondersteuning met skoolwerk**
Leerders ontvang hulp met huiswerk, take en eksamenvoorbereiding onder toesig van kundige personeel.

**- Individuele aandag**
Klein groepe maak dit moontlik vir opvoeders om op elke leerder se unieke behoeftes en leerstyle te fokus.

**- Struktuur en roetine**
Die studiesentrum bied 'n gestruktureerde leeromgewing wat dissipline en goeie studiegewoontes bevorder.

**- Motivering en aanmoediging**
Deur konstante ondersteuning bou leerders selfvertroue op en ontwikkel hulle 'n positiewe houding teenoor leer.

**- Toegang tot hulpbronne**
Leerders het toegang tot studiemateriaal, naslaanwerke en soms selfs internet en rekenaars.

**- Veilige leeromgewing**
Leerders is in 'n veilige en beheerde ruimte waar hulle produktief kan werk, weg van afleidings by die huis.

**- Voorbereiding vir eksamens**
Spesiale eksamenvoorbereidingsessies help leerders om effektief te hersien en eksamentegnieke aan te leer.

**- Ondersteuning vir ouers**
Ouers weet hul kinders is in 'n ondersteunende omgewing en hoef nie altyd self akademiese hulp te verskaf nie.

**- Verbeterde akademiese prestasie**
Deurlopende ondersteuning en 'n fokus op begrip en toepassing lei dikwels tot beter punte en resultate.

💡 JOU POTENSIAAL BEGIN BY ONS

"SAAM LEER ONS, SAAM BEREIK ONS."





### Monique Pratt

*Eienares van Die Noord Studiesentrum*

"Ons, die span wat in 2014 die JV Studiesentrum begin het, het besluit om Die Noord Studiesentrum te stig, sodat ons ook ander kinders die voordele kan bied wat ons reeds vir 11 jaar aan ons kinders by HTS John Vorster kon gee."

# TM TYREMART

# PTA NOORD
# 012 546 3780

**Tyremart Pretoria-Noord
vat hande met Hoërskool Pretoria-Noord
– en jý as ouer-gemeenskap, is die wenner!**
Bring jou nuutste skoolfondsrekening
saam en kwalifiseer vir **spesiale afslag**
op enige dienste of produkte in ons winkel.
Hierdie aanbod is **eksklusief beskikbaar
vir ouers van Hoërskool Pretoria-Noord.**
Volg die skakel hieronder en kry jou
**verpligtingvrye kwotasie** vandag nog!
**Vir Beste Bande, Beste Prys –
TYREMART Pretoria-Noord.**

PNHS
VOOR IN DIE WAPAD BRAND 'N LIG

MICHELIN
ROYAL BLACK
DAVANTI LEADING THE WAY
GENERAL TIRE GRABBER
PIRELLI
BFGoodrich Tyres
Continental
DUNLOP

# NOORDERLIG
# KERSPROJEK

## Help om 'n verskil te maak




T-HEMP EN PLAKKIES

SEUNS / DOGTERS SKRYFBEHOEFTES

KONTAK TANYA - 082 601 6878

AMAX

Waar 1000 klerke al hul loopbane begin het

# Begin jou Rekeningkunde Klerkskap by ons!



- 3-Jaar kontrak terwyl jy studeer (Unisa of Akademia)
- Salaris terwyl jy studeer
- 40 dae studieverlof + maandlikse target-verlof
- Praktiese opleiding & ondervinding
- Werkure: 7:00 – 16:00 (Vrydae tot 13:00)
- Oefenklas, nael tegnikus & kanteen op perseel

## Jou kans om te leer, werk en groei – alles op een plek!

**Ouers vir meer inligting skakel vir Natasha**

071 393 1867

natasha.b@amaxsa.co.za

262 Jack Hindon Straat
Pretoria-Noord

momentum
lewensversekering



# Lewensversekering vir **jong lewens**

Beskikbaar met **LifeReturns®**-afslag

## Net die beste vir ons kinders

Ondersteun jou kinders op die pad na volwassenheid – selfs wanneer hulle al 'n inkomste verdien, maar nog nie finansieel stabiel is nie.

Jongmense in die volgende ouderdomsgroep en beroepe kom vir lewensversekering in aanmerking, en dit is vinnig en maklik om die aanbod op te neem:

### Ouderdomsgroep

Van ouderdom **14 tot 25**

### Beroepe

- Skoliere, studente (tersiêr of professioneel), of werkendes.
- Momentum neem die inkomste van die ouer met die hoogste verdienste in ag vir kinders wat nog nie 'n inkomste verdien nie.

## Kwalifiseringsvoordele

Jongmense wat kwalifiseer, het die opsie om 'n enkelbedrag te kies:

| | | |
|---|---|---|
| van tot **R1 miljoen** vir **lewensdekking, kritiekesiektedekking** en **funksionele-inkortingsdekking** | EN | tot **R40 000 per maand** vir **funksionele-inkortingsdekking.** |

**Beskerm jou en jou kinders teen die finansiële gevolge van onvoorsiene gebeure.**

**Gee jou kinders 'n finansiële voorsprong met lewensversekering wat hulle kan oorneem wanneer hulle later gereed is.**

*Gesels met jou finansiële adviseur*

Momentum tref alle redelike voorsorg om te verseker dat die inligting in dié dokument bygewerk en akkuraat is, maar bied geen uitdruklike of stilswyende waarborg in dié verband nie. Die dokument dien as 'n inligtings- of besigheidsmiddel om die finansiële adviseur tegnies te help en moenie vertolk of aangebied word as professionele advies wat deur Momentum aan 'n potensiële kliënt gegee en deur Momentum geëndosseer word nie. Die inligting in dié dokument kan in die adviseringsproses deur die finansiële adviseur gebruik word, mits enige advies wat uit dié inligting spruit, as die advies van die finansiële adviseur geëndosseer word. Met dié doel vrywaar die finansiële adviseur Momentum, sy filiale en assosiate teen alle aanspreeklikheid hoegenaamd wat uit die misbruik of wanvoorstelling van dié dokument spruit. Die inligting is nie kontraktueel bindend nie. Die bepalings en voorwaardes van die poliskontrak geld in alle gevalle. In die geval van finansiële produkte moet 'n gemagtigde, geakkrediteerde finansiële adviseur vir professionele advies genader word.

momentum.co.za

Momentum is deel van Momentum Metropolitan Life Beperk, 'n gemagtigde finansiële diens- en geregistreerde kredietverskaffer.
Reg No 1904/002186/06 Lisensie 6406

665 myriad jong lewens | mei 2023

momentum
lewensversekering